


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Julie 2026 | Volume 3 Uitgawe Nr 32

EK STAAN BY BOKKIEWEEK

KITSNUUS Lees meer binne

**Bokkieweek in spervuur**
*Bl 2 - vervolg vanaf Bl 1*

**Isobel getuig van God se genade**
*Bl 3*

**Jeugkorps se uitklaring**
*Bl 3*

**Besoekersmening**
*Bl 4*

**Program: Taalweek**
*Bl 4*

**Groot Geluk in Sonpark**
*Bl 6 en 7*

**Menings: Professionele Verhoudings**
*Bl 9*

**Oraniadagboek**
*Bl 9*

**10 vrae: Brendon van Huyssteen**
*Bl 10*

**Nuusbrokkies**
*Bl 11*

**Bokkieweek prestasies**
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Regering wil Bokkies stuit

Dia van Staden en Sean Volschenk

Min sportbyeenkomste in Suid-Afrika het in so 'n kort tyd soveel politieke emosie ontlok soos Bokkieweek. Wat vir duisende Afrikanerfamilies 'n jaarlikse hoogtepunt van sport, kultuur en gemeenskap is, het skielik die middelpunt van 'n nasionale debat geword oor identiteit, geskiedenis en die betekenis van vryheid in 'n diverse samelewing. Die vraag wat nou op die tafel lê, is nie bloot oor rugby, hokkie of netbal nie. Dit gaan oor 'n groter vraag: Het kulturele gemeenskappe in 'n demokratiese Suid-Afrika die reg om binne hul eie geledere byeen te kom en hul taal, tradisies en identiteit te vier? Bokkieweek, wat deur Afrikaner Volkseie Sport aangebied word, bestaan reeds 35 jaar. Die toernooi bring jaarliks duisende jong sportlui, ouers, afrigters en ondersteuners bymekaar. Vir deelnemers is dit meer as net kompetisie. Dit is 'n ruimte waar kinders sport op hoë vlak kan beoefen, nuwe vriendskappe vorm en deel voel van 'n groter kulturele gemeenskap. Ondersteuners wys daarop dat die toernooi geen staatsbefondsing ontvang nie en in die burgerlike sfeer funksioneer, dieselfde ruimte waar kerke, kultuurverenigings, gemeenskapsorganisasies en talle ander vrywillige instellings bestaan. Volgens hierdie siening beteken kulturele selforganisering nie noodwendig uitsluiting of vyandigheid nie. Die feit dat 'n groep mense iets binne hul eie taal en tradisie organiseer, beteken nie outomaties dat hulle ander mense minderwaardig ag nie.
Loutjie Steyn, voorsitter van die Opvoedingsraad van die Orania CVO-skool, beklemtoon hierdie standpunt en sê: "Bokkieweek is 'n leefwyse. Volgens hierdie siening beteken kulturele selforganisering nie noodwendig uitsluiting of vyandigheid nie.
Die feit dat 'n groep mense iets binne hul eie taal en tradisie organiseer, beteken nie outomaties dat hulle ander mense minderwaardig ag nie.
Loutjie Steyn sê: "Bokkieweek is 'n sportgeleentheid waar Afrikaners binne ons kultuurgemeenskap sport op 'n professionele vlak kan beoefen. Afrikaners het ook die reg soos alle volke in SA om vrylik te assosieer. Die Grondwet verskans dit ook vir die Afrikaner. Ons is nie teen iemand wanneer ons onsself handhaaf nie." Vir sy gemeenskap en skool het deelname ook 'n baie praktiese waarde. Steyn verduidelik verder: "Vir ons as Orania CVO-skool wat 'n BCVO-lidskool is, is dit ook belangrik om verder aan sport te kan deelneem as 'n geaffilieerde Unie by Bokkieweek. Dit gee vir CVO-kinders verdere blootstelling. Niks


Loutjie Steyn, voorsitter van die Opvoedingsraad van die Orania CVO-skool.

wat ons binne kultuurverband doen is rassime nie. Ons leef onsself by Bokkieweek uit net soos in Orania binne ons eie kultuur."
Orania CVO-ouers Nicolette en Jannie Ebersohn stem saam en getuig: "Dit is 'n gesonde, mededingende terrein sonder kwotabeheer waar
nuwe bande gevorm word binne 'n beskermende Afrikaner-atmosfeer. Wat 'n voorreg!"
Teenstanders van Bokkieweek voer egter aan dat 'n toernooi wat spesifiek vir Afrikanerkinders bedoel is, herinneringe aan

# Winterswem se bibber-effek




Byna veertig dapper Oraniërs het op 4 Julie 2026 die ysige Oranjerivier getrotseer vir die jaarlikse Midwinterswem. Ná 'n minuut in die koue water het die groep heerlike roosterkoeke om 'n warm vuur geniet het.

Foto: Verskaf

Vervolg op bl 2

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: STORM | redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS met die redakteur

# Gesondheid en Genade



Dit is maar 'n siekte van die mens om te wag vir 'n groot geleentheid of 'n belangrike verhouding of 'n seisoenverandering voordat daar gedink word aan 'n meer gesonde leefstyl. Ons sukkel bietjie daarmee dat dit iets is wat 'n ingesteldheid behoort te wees. Dit is eerder 'n besluit, wanneer die tyd reg is…

Ons begin mos Maandag met die dieët? Of hoe?

'n Liewe geloofsvriendin herinner my onlangs dat ek minder soos Martha van die Bybel moet wees en meer soos Maria. Sy weet dat ek 'n effense beheervraat is en "ek sal self" 'n groot deel van my menswees en vrouwees uitmaak.

Dit is vir my baie moeilik om hulp te vra, selfs van God die Vader. Want "Hy verwag van my om my deel te doen, dan sal Hy sy deel doen…" My vriendin wou toe weet hoe ek dink God my vir 'n getuienis kan voorberei as ek meeste dinge SELF wil doen? Dit het my neurologie laat spartel!

Nou is die vraag: Wanneer laat ek God toe om oor te neem en wanneer hou ek aan doen?

Dit bring my terug by hoe ons met ons liggaam en gesondheid werk. In my geval is dit genade as ek verby die sjokolade kan loop sonder om 'n ietsie kleins, sonder om twee keer te dink, in die waentjie te laai. Vir ander is dit ander soorte suiker, drank, dwelms, energiedrankies of sigarette wat 'n afhanklikheid geword het. Het ons nie maar elkeen 'n skuldige plesiertjie nie?

Ons weet dat ons liggame die tempel van God is. Waarom stoei ons dan so daarmee om dit te eerbieding en respekvol te hanteer? Daar die plesiertjie kan elkeen van ons duur te staan kom!

Ja, ons is in sonde gebore en het almal voete van klei, maar iewers is daar binne elkeen van ons 'n skakelaar wat na "normaal" teruggedraai kan word om vir die regte redes beter besluite vir ons gesondheid te neem.

Mag jy jou skakelaar gouer as later ontdek en mag jy die genade ontvang om verby die ongesonde opsies te stap en jou gesondheid as 'n prioriteit te erken.

Moeilik, maar MOONTLIK!

Ek gaan gou 'n koppie kookwater en suurlemoensap skink, want skoon moet die derms skoon en ek beter uitvoer wat ek hier preek. Onthou om ook vir dié slukkies genade te bid!

Skink iets warm en gesond, want dit is koud buite!



# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in

## Waar is Orania se Wit Kruise in Washington?

– Wynvlieg Woltemade

Ek het hierdie week met 'n ongemaklike gedagte rondgeloop.

Dis nie iets wat ek gewoonlik doen nie. Ek verkies om my oor groot vraagstukke eerder met 'n boerewors rol en 'n koppie koffie te bemoei.

Maar hierdie een wou nie wyk nie.

Toe ek sien dat Ernst Roets en Lex Libertas besig is met 'n veldtog om 3 000 wit kruise op die National Mall in Washington D.C. op te rig ter nagedagtenis aan slagoffers van plaasaanvalle, het ek myself een vraag gevra:

Waar is Orania?

Nou, wag net, voor iemand sy bloeddrukmedikasie gaan haal.

Ek vra nie hoekom Orania niks doen nie.

Ek vra hoekom ek nie honderde Oraniërs sien wat sê: "Waar kan ek help?"

Want as daar een plek op aarde is waar mense die werklikheid van plaasmoorde nie as 'n politieke debat sien nie, maar as iets persoonliks, is dit mos Orania.

Dis ons mense.

Ons familie.

Ons geskiedenis.

Ons gesprekke om die braaivleisvuur.

Ons hoef nie met mekaar oor alles saam te stem nie. Genadiglik doen ons dit ook nie.

Ons kan stry oor tamatiesous op 'n boerewors rol.

Ons kan mekaar verbeter oor "e-pos" en "e-mail".

Ons kan drie komitees stig om te besluit watter kleur die nuwe bankie op die dorp moet wees.

Maar as Afrikaners se geskiedenis en hul dooies onthou word, behoort dit een van daardie seldsame oomblikke te wees waar niemand vra wie die voorsitter is nie.

'n Wit kruis vra nie na jou politieke party nie.

'n Wit kruis vra nie of jy links of regs is nie.

Hy vra net dat iemand onthou.

Miskien is dit juis die punt.

Ons praat dikwels van selfbeskikking.

Maar selfbeskikking begin nie by grond of grense nie.

Dit begin by die besluit om vir jou eie mense op te staan, selfs wanneer die monument duisende kilometers van jou af staan.

Ek verwag nie dat elke inwoner van Orania môre 'n vliegtuig Washington toe moet bespreek nie.

Maar ek wonder of ons nie ten minste dieselfde entoesiasme vir hierdie projek kan hê as wat ons vir 'n pannekoekfees, 'n kultuuroptog of die opening van 'n nuwe slaghuis het nie.

Gaan teken gerus die aanlyn petisie, en as jy kan, borg 'n wit kruis. Meer inligting is beskikbaar by www.lexlibertas.org.za.

Ek is Wynvlieg Woltemade, en ek sit vanaand op my stoep met 'n koppie koffie in die hand en kyk hoe die son stadig agter die Karoo se horison verdwyn.

En ek wonder…

As daar 3 000 wit kruise vir ons mense in Washington geplant gaan word…

…behoort daar nie ook 'n hele paar van hulle te wees wat sê:

"Geborg deur Orania."

vervolg vanaf bl 1…

die apartheidsverlede oproep. Vir baie Suid-Afrikaners is taal en ras histories verweef, en enige vorm van afsonderlike organisering word daarom met groot agterdog bejeën. Kritici reageer dikwels ook skerp op die tradisionele liedere wat tydens die geleentheid gesing word. Steyn verdedig egter hierdie kulturele uitdrukkings en verklaar: "Die Lied van jong SA is nie 'n Apartheidslied nie. Dis 'n lied wat 'n volk se ontwaking en groei besing en vra nie dat enige volk of persoon doodgemaak word soos 'kill the boer' nie. Afrikaners was deur die eeue bouers en dit het nie en sal nie verander nie, want ons het 'n Godgegewe roeping." Regeringslui stem egter hoegenaamd nie saam nie. Gautengse Premier Panyaza Lesufi het die toernooi veroordeel as 'n "rassistiese poging" en "'n bespotting van ons demokrasie" nadat kinders die lied gesing het. Sportminister Gayton McKenzie het heftig saamgestem en dit bestempel as "reine nonsens" van "apartheidsnostalgici" wat die regering nie sal toelaat nie.

Hierdie konfrontasie tussen gemeenskap en staat laat die rooi ligte voor baie ontleders flikker. Izak du Plessis van Nuuspod waarsku dat die staat sy mag oorskry wanneer hy hom hiermee bemoei: "Wanneer politici, of dit nou 'n minister of 'n premier is, dreig om 'n private kulturele byeenkoms soos die Bokkieweek te stop, flits die rooi ligte. Dit is 'n teken dat die staat sy mag misbruik om sosiale ingenieurswese toe te pas in plaas daarvan om regte te beskerm." Du Plessis wys daarop dat ware vryheid beteken dat groepe die reg het om hul eie dinge te doen sonder konstante regeringsinmenging, en voeg by: "Die kuns is om die reg kleurblind te hou waar dit saak maak by howe, skole en werk, maar om ruimte te laat vir kleur daar waar mense werklik asemhaal." Volgens hom is 'n eie kulturele ruimte juis noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n gemeenskap, en hy verduidelik: "In enige samelewing is kultuur nie maar net 'n luukse bykomstigheid nie. Dit is die hartklop van hoe mense werklik leef, die gewoontes wat ons by ons ouers oorneem, die stories wat ons oor en oor vertel, die rituele wat ons koester, en die liedjies wat ons sing. Kultuur is die manier waarop 'n groep die harde werklikheid van die lewe omskep in iets waar jy tuis voel." Hierdie spanning wys op een van die moeilikste uitdagings van Suid-Afrika se demokrasie: hoe versoen 'n mens 'n gedeelde nasionale identiteit met die werklikheid dat mense ook sterk kulturele identiteite het? Kultuur bestaan immers nie net uit kos, musiek en feeste nie. Dit bestaan ook uit taal, geskiedenis, waardes en gemeenskappe waarin mense behoort. Geen kultuur oorleef sonder ruimtes waar dit oorgedra word nie. Die vraag is dus nie of mense kulturele ruimtes sal hê nie... hulle het dit reeds. Die vraag is of daardie ruimtes vreedsaam toegelaat sal word om te bestaan. Die Grondwet beskerm nie net individuele regte nie, maar erken ook die reg van gemeenskappe om hul kultuur, taal en assosiasies te bevorder. Artikel 235 maak voorsiening vir die erkenning van die selfbeskikking van kulturele gemeenskappe, mits dit nie teen ander se regte indruis nie. Die kernvraag behoort dus nie te wees: "Is Bokkieweek Afrikaner?" nie. Dit is duidelik dat dit is. Die belangriker vraag is: "Wat gebeur binne daardie ruimte?" Leer dit kinders dat hulle beter as ander mense is? Of leer dit hulle om hul taal, geskiedenis en kultuur te waardeer? Bevorder dit haat en uitsluiting? Of bied dit bloot 'n plek waar 'n minderheidsgemeenskap sy eie identiteit kan uitleef?

'n Demokratiese samelewing behoort beide beginsels te kan handhaaf: gelyke regte vir almal, maar ook ruimte vir gemeenskappe om hul eie identiteit te behou. Die uitdaging vir Suid-Afrika is nie om alle verskille uit te wis nie. Ware eenheid beteken nie dat almal dieselfde moet wees nie. Dit beteken dat verskillende mense en kulture langs mekaar kan bestaan sonder dat identiteit self as 'n bedreiging gesien word. Bokkieweek het dus groter geword as 'n sporttoernooi. Dit het 'n toets geword vir die vraag of Suid-Afrika se beroemde "eenheid in diversiteit" werklik diversiteit insluit- ook wanneer daardie identiteit ongemaklik of omstrede is.



# Isobel getuig van God se genade

Dia van Staden

Op 13 Mei 2025, die verjaarsdag van haar geliefde man, Wessell, het Isobel Horak se lewe in 'n oogwink verander. Wat 'n dag van feesviering moes wees, het die begin geword van 'n intense, geloofbeproewende stryd toe sy gediagnoseer is met fase 3-kleinsellige longkanker (NSCLC) in haar regterlong.

Die nuus was 'n verpletterende skok wat die gesin skielik omring het met die donker skaduwees van onsekerheid, vrees en trane. Tog het Isobel en Wessell in daardie donker oomblik 'n bewuste besluit geneem dat hulle nie hul vertroue in die mediese diagnose sou plaas nie, maar in hul Here Jesus Christus. Hulle het vasgehou aan Sy beloftes, oortuig dat die God van wonderwerke steeds vandag leef en dat Hy haar sal genees.

Die pad wat voorgelê het was allesbehalwe maklik. Die weke van aggressiewe chemoterapie en bestraling het 'n geweldige fisiese en emosionele tol geëis. Daar was dae van uiterste moegheid, pyn en diep bekommernis. Maar te midde van die storm was daar een konstante wat nooit gewankel het nie: die tasbare teenwoordigheid, liefde en getrouheid van die Here wat haar deur elke moeilike dag gedra het.

Haar onkoloog en longspesialis het verduidelik dat die mediese prognose vir hierdie tipe kanker gewoonlik 'n lewensverwagting van slegs vyf jaar bied. Maar die egpaar het geweier om moed op te gee. Hulle het bly bid, in die geloof dat Isobel se lewe in die Here se hande is en dat Hý die finale sê het.

"Elke dag was gevul met gebed. Familie, vriende, mede-gelowiges en die gemeente het soos 'n skild van gebed om ons gestaan," vertel Isobel. Nadat sy haar aanvanklike behandeling in September 2025 voltooi het, het sy in Februarie 2026 met verdere immunoterapie (Durvalumab/ImFinzi) begin. Deur elke infusie en elke oomblik van swakheid het die Here haar gedra en haar 'n bonatuurlike vrede gegee.

Toe kom die groot genadedag: 11 Junie 2026. Isobel moes gaan vir haar opvolgskandering. Met gespanne harte, maar gevul met absolute hoop, het hulle op die uitslae gewag. Die nuus was niks minder as 'n wonderwerk nie—die skandering het gewys dat die kanker glad nie meer gesien kan word nie! Die ongelooflike verligting, vreugde en dankbaarheid wat deur hul harte gevloei het, is onbeskryflik.

Hoewel hulle diep dankbaar is vir elke dokter, suster en mediese behandeling wat 'n deurslaggewende rol gespeel het, gee Isobel en Wessell al die eer, lof en aanbidding aan hul Hemelse Vader. Hy het hulle deur die storm gedra en hulle nooit verlaat nie.

Vandag getuig hulle met dankbare harte van Sy goedheid, soos geskryf staan in Psalm 100:5: "Die Here is goed; Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en Sy trou van geslag tot geslag."

Naas haar konvensionele behandelings, speel 'n holistiese benadering ook 'n belangrike rol in haar herstelpad. Isobel is tans steeds onder die sorg en behandeling van dr. Tros Bekker. As deel van haar herstel- en instandhoudingsprogram gebruik sy onder andere Ivermectin sowel as ander natuurlike middels wat spesifiek gerig is daarop om haar immuunstelsel te versterk en haar liggaam optimaal te ondersteun.

Hierdie getuienis is nie net 'n storie van fisiese genesing nie; dit is 'n belydenis van onwankelbare geloof en die onmeetbare genade van Jesus Christus. Vandag proklameer Isobel die woorde van Psalm 118:17: "Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here vertel." Sy hoop dat haar verhaal ander sal bemoedig om nooit op te hou bid of te glo nie, want by God is niks onmoontlik nie.



Foto: Verskaf
Isobel Horak glo dat God en regte medikasie haar genees het.



Dr. Tros Bekker was een van die prominente stemme in Suid-Afrika wat tydens die Covid-19-pandemie Ivermektien (wat oorspronklik 'n antiparasitiese middel is) voorgestaan het. Hy het in die openbaar teen die amptelike Covid-entstowwe gepraat en alternatiewe protokolle wat Ivermektien insluit vir sy pasiënte aanbeveel. Hy is uiteindelik deur die Mediese en Tandheelkundige Raad (HPCSA) beboet vir onetiese gedrag weens sy uitlatings oor die pandemie en entstowwe.

Sy kankerprotokol sluit die volgende in:
1. Ivermektien (Ivermectin)
2. Alternatiewe Kankerprotokolle

Pasiënte wat hom vir alternatiewe of aanvullende kankersorg raadpleeg, word dikwels op protokolle geplaas wat fokus op:

Hoë-dosis Vitamien C-infusies (IV doteermiddels): Dit word dikwels in alternatiewe kringe gebruik om die immuunstelsel te versterk en selle te "ontgif", hoewel kliniese studies nie bewys dat dit kanker kan genees nie. Antiparasitiese middels (soos Fenbendasool of Ivermektien): In alternatiewe kankergroepe (soos die bekende "Joe Tippens-protokol") word beweer dat sekere ontwurmsmiddels en antiparasitiese middels kankerselle kan doodmaak. Let wel: Daar is geen betroubare kliniese toetse op mense wat hierdie bewerings ondersteun nie, en mediese regulasies keur dit nie vir kankerbehandeling goed nie.

Immuunondersteunende aanvullings en diëte: Drastiese dieetveranderinge, ontgiftingsterapieë en die gebruik van natuurlike anti-inflammatoriese middels (soos borrie/kurkumien, mediese cannabis-olies of spesifieke kruie). Kontak dr. Bekker deur 'n e-pos na trosbekker@gmail.com te stuur.

Doen jou eie navorsing en raadpleeg 'n mediese praktisyn vir hulp.

# Vrywillige diens is 'n bousteen

Dia van Staden

Oraniërs het onlangs weer gesien hoe ware karakter onder druk gesmee word tydens die amptelike uitklaring van die Jeugkorps 2026 wat op 22 Junie geskied het. Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging, het die rekrute toegespreek en die kollig geplaas op 'n eeue-oue konsep wat diep in die Afrikaner se psige ingebed lê: diensplig. Hy het egter 'n vars en histories-gefundeerde perspektief op dié tema gelewer.

Hoewel baie Afrikaners steeds dink aan nasionale diensplig as die "regte ding" om te doen, het hy aangevoer dat ware plig nie afgedwing kan word nie. Volgens hom is verpligte diens nie die natuurlike wyse waarop Afrikaners die afgelope vier eeue hul oorlewing in Afrika verseker het nie. "Daar het mooi verhale en transformasies uit die Grensoorlog-tyd gekom, maar dit is nie 'n volhoubare manier om 'n volk te bou nie," het hy verduidelik.

Joost het daarop gewys dat Afrikaners histories vir 90% van die tyd afhanklik was van persone wat hul plig vrywillig opneem. "Om iemand te verplig om iets te doen is eenvoudig nie volhoubaar nie. Die jongmense wat besluit het om by die Jeugkorps aan te sluit, het self daardie keuse gemaak."

Hierdie toegewyde lede moes behoorlik vasbyt. Hul deursettingsvermoë is met die boere op die Oosgrens voor die Groot Trek vergelyk wat sonder 'n polisiemag moes klaarkom, asook die vrywillige deelname tydens die Anglo-Boereoorlog waar daar geen staande weermag was nie. Dié tradisie van vrywillige diens leef vandag voort in moderne kommando's en buurtwagte wat uit nood en vrywillige deelname gebore is.

"Omdat daar in Suid-Afrika of Orania nie noodwendig die fondse is om 'n groot, permanente veiligheidsmag te finansier nie, is ons veiligheid byna uitsluitlik in die hande van hierdie vrywilligers," het hy genoem.

Hy het benadruk dat sukses nie bloot afhang van wie die sterkste of fiksste is nie, maar van karakter. "Dit gaan nie oor hoe vinnig jy kan hardloop of hoe sterk jy is nie, maar oor die deursettingsvermoë wanneer rugsakke breek en omstandighede onvoorspelbaar word. Dit is hulle wat besluit om nie op te gee nie wat anderkant sterker uitstap."


Theuns Wessels, hoof van Weerbaarheid, het die praktiese verloop van die program geskets. Vanjaar het 23 jong manne tussen die ouderdomme van 17 en 23 ingeskryf. Hulle het vier intensiewe kampe bygewoon en opleiding in skietkuns, veldkuns, noodhulp en Orania-kultuur ontvang, insluitend 'n kursus oor die veldslae van die Eerste Vryheidsoorlog deur advokaat Jan van Zyl.

Uiteindelik het 8 dapper rekrute die strawwe opleiding suksesvol voltooi. Die amptelike borg, die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, het gesorg vir die nodige ondersteuning. Die top-rekruut, Gian Saaiman, het sy gesogte hoed as wenrekruut ontvang—pette wat groot simboliese waarde dra aangesien dit eers ná suksesvolle uitklaring oorhandig word. Volgens Theuns was Gian pligsgetrou en het hy altyd die ander lede aangemoedig om beter te vaar.

Hierdie 8 manne sal nou onder leiding van Cobus Kirsten in die Jeugkorps dien om noodsaaklike ondersteuning aan plaaslike weerbaarheidsgroepe te bied.








| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag 10 Augustus | Volksliedjie-aand | @18:00 Gannaboswoonstelle | Gratis |
| Dinsdag 11 Augustus | Restaurantstyl-toneel | @13:00 | Plek en koste sal bevestig word |
| Dinsdag 11 Augustus | Professor van Orania musiekblyspel | @18:00 Gemeenskapsaal | Φ40 volwassene Φ20 skoolgaande kind |
| Woensdag 12 Augustus | Huppelkind Poppekas | @9:15 Huppelkindsaal | Gratis |
| Woensdag 12 Augustus | Debat: KI of NIE? | @18:00 Gemeenskapsaal (sysaal) | Gratis |
| Donderdag 13 Augustus | Boekbespreking: Burgert Senekal | @13:30 Gemeenskapsaal (sysaal) | Gratis |
| Donderdag 13 Augustus | Taalspeletjies Ken jy jou storie? | @18:00 Gemeenskapsaal | Gratis |
| Vrydag 14 Augustus | Kuns- en fotografie uitstalling Bewaringstigting Kunskompetisie | @9:00 Orania Beweging Gebou en stoep | Gratis |
| Vrydag 14 Augustus | Oker Kort film fees | @18:00 Gemeenskapsaal | Φ50 volwassene Φ25 skoolgaande kind |
| Saterdag 15 Augustus | Balpuntpen-werkswinkel Jacobus Silwer | @9:00 -13:00 Volkskoolsaal | Φ350 per persoon |
| Saterdag 15 Augustus | Jacobus Silwer musiekvertoning | Kosverkope@17:30 Vertoning@18:30 Gemeenskapsaal | Φ100 volwassene Φ50 skoolgaande kind |







## BESOEKERS MENING


Morné en Heaven van der Merwe met hul gidshonde, Enzo en Skyler Foto: Verskaf.

Vir Morné en sy vrou, Heaven, was hul besoek aan Orania van 12 tot 19 Junie veel meer as net 'n gewone vakansie. Behalwe om by 'n vriendin te kuier, het die egpaar met 'n baie spesifieke doel gekom: om die toeganklikheid van die dorp se strate en infrastruktuur eerstehands te toets – veral met die oog op die gebruik van hul getroue gidshonde. Hulle wou ook die moontlikheid van plaaslike werksgeleenthede ondersoek.

Die resultaat van hul ondersoek? 'n Ervaring wat hul stoutste verwagtinge oortref het en hul harte permanent gesteel het.

Morné vertel dat hulle die dorp se openbare ruimtes, winkels en eetplekke deeglik getoets het. Waar baie dele van Suid-Afrika dikwels groot fisiese en sosiale uitdagings vir mense met gestremdhede bied, het Orania met vlieënde vaandels geslaag.

"Wat bedagsaamheid aanbetref, staan Orania ver uit bo die res van die land. Ons het 99 persent bedagsaamheid ervaar," sê Morné dankbaar.

Inwoners was hoegenaamd nie skrikkerig om nader te staan en vriendelike geselsies aan te knoop nie. Hoewel daar twee klein voorvalle was wat aanvanklik vir 'n bietjie ontsteltenis gesorg het, is dit vinnig en in 'n goeie gees uitgesorteer. 'n Student wat vir hulle getoet het toe hul in die straat gestap het, is nie negatief ervaar nie.

Die egpaar se weeklange kuier was propvol unieke ervarings, maar 'n paar spesifieke oomblikke sal hulle altyd bybly:

Die Sonskip: Om in 'n huis met so 'n unieke, ekologiese boustyl te kon tuisgaan, was 'n absolute openbaring.

Duquesne-konsert: Die ryk kultuurlewe en die samesyn tydens die konsert het die besoek perfek afgerond.

Veiligheid: Die tasbare gevoel van vrede en veiligheid het 'n blywende indruk gelaat.

Sedert hul terugkeer is daar skaars 'n dag wat verbygaan dat die egpaar nie na Orania verlang nie. Dié 2 gegradueerdes woon tans in Worcester en is nou vasbeslote om vir verblyfreg aansoek te doen.

Morné en Heaven wil egter nie net in Orania kom woon nie, maar wil hul unieke vaardighede aktief inspan om die gemeenskap te verryk. Hulle is albei rekenaarvaardig. Morné en Heaven werk by Innovation for the blind. Morné werk by 'n radiostasie as klankredigeerder en is 'n opgeleide barista. Heaven is 'n masseus.

Een van hul groot drome is om te help met die oprigting van 'n plaaslike sentrum vir mense met gestremdhede. Hulle is albei blind gebore en kan onderskei tussen lig en donker. Morné beklemtoon egter dat daar fyn onderskeid getref moet word tussen individue wat ten volle in die dorp se ekonomie en alledaagse lewe geïntegreer kan word, en diegene wat eerder baat sal vind by beskutte arbeid.

Die groot skuif sal deeglike finansiële beplanning verg, maar die droom staan vas: Orania is die plek waar hulle hul toekoms sien.

# ’n Nuwe era van groei: Bo-Karoo Opleiding vier historiese mylpaal



Hierdie maand skryf Bo-Karoo Opleiding (BKO) geskiedenis met ’n dubbele mylpaal wat ons posisie as ’n dinamiese, deurlopende drywer van beroepsgerigte uitnemendheid stewig vestig. Ons vier nie net die suksesvolle promovering van 42 senior studente nie, maar verwelkom ook gelyktydig ons heel eerste middeljaar-inname vir die Elektriese rigting. Hierdie deurlopende rotasie lui ’n opwindende nuwe seisoen van groei op die kampus in. Hierdie spesiale geleentheid van promovering is die formele en trotse afsluiting van ’n student se tyd op kampus. Dit dien as bewys dat hulle hul teoretiese opleiding sowel as hul intensiewe, praktiese slyping in die BKO-werkswinkels suksesvol voltooi het. Hierdie stap is die finale afronding voordat die studente die kampus verlaat om hul verpligte werksplek-ervaring in die industrie op te doen, waarna hulle sal terugkeer vir hul finale voorbereiding op die nasionale vaktoets. Omdat nasionale beroep-sertifikate ’n deurlopende 18 maande se op-kampus-opleiding vereis, volg ons tegniese rigtings ’n unieke siklus wat verskil van ander kursusse. Terwyl rigtings soos Tuisversorging, Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) en Landbou tradisioneel in Desember promoveer, het hierdie groep se tegniese reis in Januarie 2025 afgeskop en in Junie 2026 ten einde geloop. Altesaam 42 studente het hierdie Junie suksesvol gepromoveer en is gereed om hul stempel in die werkwêreld af te druk. BKO laat ons studente egter nie alleen wanneer hulle hierdie kritieke nuwe fase betree nie. Die instelling bied aktiewe en deurlopende ondersteuning om studente by goedgekeurde werkgewers in die industrie te plaas. Tydens hierdie plasings is die noukeurige byhou van hul amptelike logboeke van kardinale belang om te verseker dat hulle ten volle gereed is vir die finale vaktoets wat op hulle wag. Die vertrek van hierdie gepromoveerde studente na die industrie beteken geensins dat die kampus nou gaan stilraak nie. Inteendeel, vir die eerste keer in die instelling se bestaan verwelkom BKO ’n amptelike tweede inname in die middel van die jaar. Op 16 Julie sal 15 nuwe studente hul plekke in die Elektriese rigting inneem om hul drome as gekwalifiseerde vakmanne na te jaag. Hierdie deurlopende in-stroming verseker dat die kampus se fasiliteite en werkswinkels regdeur die jaar optimaal benut word, en dat die vloei van hoogs opgeleide vakmanne na die Suid-Afrikaanse ekonomie nooit opdroog nie. Ons wens ons gepromoveerde studente alle sterkte toe met hul praktiese jare in die industrie, en heet ons nuwe eerstejaars hartlik welkom in die BKO-familie! Bemarkingshoof van BKO. Belangrike kennisgewing: Inskrywings vir 2027 is nou amptelik oop vir alle studielyne! Vir die vinnige besluitnemers: daar is nog net ’n enkele plekke beskikbaar vir die komende Julie-inname vir Elektries. Die toekoms is blink. En ons bou saam. Dankie. n Woord van opregte dank aan die uitstallers wat dienste of produkte bemark,









Groot nuus vir ons Elektriese studente! BKO het onlangs ’n fantastiese skenking van moderne sonkragtoerusting ontvang! Hierdie gevorderde toerusting gaan ons studente die nodige praktiese blootstelling gee aan die heel nuutste sonkragtegnologie in die bedryf. By BKO streef ons voortdurend daarna om te verseker dat ons studente se praktiese opleiding belyn is met die presiese vereistes van die moderne mark en toekomstige werkgewers. Ons is opreg dankbaar vir bedryfsvennote wat so ruimhartig hande vat met BKO om in die toekoms en vaardighede van ons jeug te belê!



# Promosie Sonpark: Groot Geluk ontluik uit Karoostof



Hierdie is een van die voorbeelde uit vervloë dae wat die direksie van Groot Geluk ondersoek het om laekostebehuising te ontwikkel.


Die Vierkleur Kasteel in wording...


Die Vierkleur Kasteel is geverf!


Een van die boumetodes wat aangewend is, is die oprigting van skeepvraghouers as huise.





Ligtestaalhuisies is 'n bekostigbare boumetode wat suksesvol aangewend kan word.


Pragtige Karoostyk ligtestaal huise maak nou deel uit van Sonpark se wooneenhede.


Waterpype word aangelê


Sonpark het die bynaam gekry aangesien hul eie sonkrag vir Groot Geluk aangelê het.


Die Hartbeeshuisies is gewild en trek baie aandag by toeriste.

*Uit Karoostof gebore. Vir die toekoms gebou.*

**Promosie**

# 'n Tuiste in die Karoo

vervolg van bl 6

In 2010 het die droom van Sonpark begin toe die grond by Kambro aangekoop is danksy die bemiddeling van oom Lucas Taljaard, wat die erf as die ideale plek vir behuising geïdentifiseer het. Sedertdien het dit onder leiding van die De Klerk-familie as direksie ontwikkel in 'n unieke, selfvoorsienende gemeenskap wat vandag sowat 65 inwoners, hoofsaaklik jong werkende mans en gesinne, herberg.

By Sonpark is daar deurlopend geeksperimenteer met innoverende boustyle vir bekostigbare laekostebehuising. Die eerste fase, Groot Geluk, is naby Klein Geluk geleë en beskik oor drie sterk boorgate. Hier is aanvanklik met ligtestaal, skeepsvraghouers en gegote beton gebou. Vandag spog die park met tien baie gewilde en goed-geïsoleerde "Arkhuisies" wat soos hartbeeshuisies lyk, agt Karoostyl-huisies, tien baksteenwoonstelle met blou dakke en twee baksteenhuisies aan die voorkant. Daar is ook "Blikkiesdorp", geïnspireer deur die boere van St. Helena, met sy kenmerkende Vierkleur-kleurskema van groen, rooi, wit en blou huisies. Die naam Sonpark weerspieël hul algehele onafhanklikheid van die dorp se infrastruktuur, aangesien hulle van hul eie sonkrag- en waterstelsels gebruik maak. Boonop is die terrein doelbewus as 'n "kosbos" ingerig. Dr. Ben de Klerk vertel dat slegs eetbare vrugte, insluitend druiwe, kwepers, pruime, lukwarte, moerbeie, vye en sitrus langs die heinings geplant word sodat inwoners dit vrylik kan geniet. Om die rustige plaasatmosfeer te voltooi, word daar in die onderste gedeelte van Blikkiesdorp met die skaars Red Bourbon-kalkoene geboer wat op veilings verkoop word.

Groot Geluk, waar jy tuis kan kom!



Die Hartbeeshuisies staan ook as Arkhuisies bekend. Hul is met goeie isolasie toegerus vir die ekstreme hitte en koue van die Karoo.



Afdakke voor die ligtestaalhuisies beskerm voertuie teen die aanslae van die natuur.



Hierdie ligtestaalhuisies is van die eerste wonings wat in Sonpark opgerig is.



Die direksie van Groot Geluk bestaan uit dr. Ben de Klerk, sy vrou Annebie, en seun Jan en sy gade, Melissa de Klerk.



Vrugtebome pryk al langs die strate. Hierdie ligtestaalhuisies is eerste in Sonpark ontwikkel Daarom die bynaam: Blikkiesdorp.



'n Onlangse lugfoto van Groot Geluk.



Daar word klem gelê op die plant van vrugtebome sodat die inwoners vryelik daarvan kan eet.

GRONDLYN

# Die Here Jesus Christus regeer alleen

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

- dr Wikus Buys

Ons hoor nogal gereeld die woord soewereiniteit. Dit is waar die aanspraak gemaak word van oppermag en alleenheerskappy. Deesdae is state ook gou om te meld dat hulle 'soewereine state' is en geen inmenging of voorskrif in hulle staatsake sal duld nie. 'n Goeie voorbeeld is onlangs die uitsprake van die Suid-Afrikaanse staat (RSA) oor die uitsprake van die VSA se president, Donald Trump. Die boodskap is uitgebasuin: 'Ons is soewerein en sal ons nie laat voorskryf nie'. Dis egter nie net state wat so maak nie, mense tree ook so op, al sou die woordjie 'soewerein' nie eers deel van hulle woordeskat wees nie. Dit is wanneer iemand dink en doen asof hy alleen oor dinge kan besluit. Die redenasie is: ek het die reg om self te besluit wat ek wil en gaan doen. So iemand sê met sy eie optrede: ek is soewerein. Hierdie neiging om as individu self oor alles te wil besluit kom eintlik van die Franse Rewolusie af. Daar het die Franse hulle koning, Louis XVI, wat beweer het hý is soewerein, se kop laat rol. 'n Nuwe slagspreuk het mode geword: 'Geen God en geen meester nie'. Hierdie idee van die Franse Rewolusie dat die massa mens self soewerein is, is waarmee ons nou nog alledaags mee te doen kry. Die mens wat sê: ek is oppermagtig en het alleenheerskappy.

Alle mag aan Jesus Christus gegee

Gelowiges kan nie neutraal staan teenoor hierdie aanspraak nie. Immers, ons hele lewe word daardeur diep geraak. Dink maar tans aan die al die dinge wat die Suid-Afrikaanse staat (RSA) beweer hulle oor 'n sê het in ons lewe. Christene erken dat daar so iets bestaan soos oppermag en alleenheerskappy. Ons Here Jesus Christus het ons dit self geleer. In Mat 28:18 het die Here Jesus Christus 'n allesomvattende uitspraak gemaak: "Aan My is gegee, alle mag in die hemel en op die aarde."

Die Bybel is vol daarvan dat die Here alleen Koning is. Dink maar wat staan in Ps. 99:1-3. "Die HERE is Koning; laat die volke bewe. Hy troon op die gérubs; laat die aarde sidder. Die HERE is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke. Laat hulle u grote en gedugte Naam loof! Heilig is Hy." Die koms van Jesus Christus is regdeur die Ou Testament geprofeteer. Dink maar aan Ps. 2:6-8 waar God die Vader en sy Seun sê: 'Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting." Die Seun van God het mens geword. Hy is die Koning van alle konings, en die Here van alle here en heerskappye. Met sy dood en opstanding het Hy 'n Naam ontvang wat bò alle ander name is (Fil. 2:6-9). Met sy Hemelvaart het hy as Koning van alles en almal sy troon bestyg vanwaar Hy aktief regeer oor die hemel en die aarde. Dít is soewereiniteit. Dit is die alleenreg op alle heerskappy. Die Here Jesus Christus besit die oppergesag. Baie mense deur die eeue het dit al erken, maar dan splits hulle die hemel en die aarde, die geestelike en die materiële. Hulle maak dan die volgende uitspraak en aanspraak: Dit is so, sê hulle, God regeer in die hemel, maar hier op aarde het Hy sy gesag en heerskappy oorgedra en opgedra aan mense. Dan gebeur 'n vreemde ding: mense begin namens God regeer. Mense verdring die heerskappy van God op aarde, en beweer en sê dat hulle dit in sy Naam doen. Hierdie stelling is gevaarliker as die Franse Rewolusie se leuen wat stel dat daar geen god of meester is nie. Enige iemand wat namens God iets doen, is niks anders as om jou eie hand uit te steek na God se troon – so iemand het net een doel: om Jesus Christus van sy troon af te druk.

Laat ons mooi daaroor nadink. Watter dinge besluit ons self oor, maar sê dat ons dit namens God doen. Dit geld nie net in om persoonlike lewe nie, maar beslis ook vir ons volk se lewe. Watter dinge doen ons in weerwil van God se geopenbaarde wil. As ons so maak dan wil òns soewerein wees, in die plek van Hom wat God die Vader aangestel het daarvoor.

Erken God se gesag

Die uitspraak van ons Here Jesus Christus net voor sy Hemelvaart is dié soewereiniteit stelling by uitstek: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde". Daar is 'n mens in die hemel wat soewerein is. Hy is Jesus Christus, die Gesalfde met die Heilige Gees. Hy is ware God en ware mens. God die Vader het aan sy Seun alle mag gegee. Christus dra sy soewereine amp as Priester-Koning aan niks en niemand oor nie, volgens die Melgisédek orde (Heb. 7:23). Alle mag op aarde behoort aan Hom – dit sluit Orania en al sy mense in. Waar ons op die punt staan om 'n nuwe grondwet vir Orania in werking te stel moet ons goed besef wat ons doen: Ons erken daarmee dat alle gesag van God afkom. Ons erken daarmee dat ons net een Soewerein erken: die Here Jesus Christus, wat as die Woord van God en deur die Heilige Gees alleen regeer.

Wat 'n ontsagwekkende gedagte. Watter groot verantwoordelikheid neem Orania nie op ons skouers nie. Ons wil 'n gemeenskap opbou, ons wil 'n volk se lewe so inrig dat die alleenreg van God, dat die soewereiniteit van Jesus Christus duidelik daaruit straal. Daarvoor is twee dinge dringend nodig. Laat ons ons eie ou natuur kruisig, laat ons ophou om self baas te speel oor ons lewe. Die Here regeer. En laat ons bid om die vervulling van die Heilige Gees. Laat Christus, as die Woord van God, alleen erken word as ons gesag. Mag die Gees van Christus sò ons lewe beheers, so alleen heers in ons lewe, dat God – wat liefde is – se eie liefde deel van ons hele lewe word. Mag Orania daardeur soos 'n stad op 'n berg wees, waar almal kan sien: Hier regeer God alleen. Alle mag in die hemele en op die aarde is aan Jesus Christus gegee. Laat ons 'n stad en streek en staat opbou wat Hom só erken – as ons Soewerein.




# Washington se wit kruise wink

Lex Libertas is besig met 'n veldtog om 3 000 kruise by die Withuis in Washington DC te gaan plant vir verdere bewusmaking van plaasmoorde. Die fyn beplanning vir 'n Washingtonkonferensie vooraf en die dag waarop die kruise geplant sal word is in volle swang. Daar is twee maniere waarop Afrikaners en ander ondersteuners betrokke kan raak. Jy kan hul petisie hier teken en jy kan 'n kruis aankoop deur die volgende skakel te volg: www.whitecrossproject.org

In hierdie verband het Lex Libertas saamgespan met die New York Young Republican Club (NYYRC).

Die doel is om 100 000 name op die petisie te verkry voordat dit formeel aan die President van die Verenigde State, die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake en die Withuis oorhandig word. Om die Washington-geleentheid moontlik te maak, het Lex Libertas ook 'n fondsinsamelingsinisiatief van stapel gestuur waardeur ondersteuners een van die 3 000 wit kruise wat op die National Mall vertoon sal word, kan borg.






# MENINGS OPNAME Professionele verhoudings

## Hoe sou jy verhoudings tussen bestuur en personeel in 'n besigheid aanspreek en versterk?


Angel Otto

Ek het nog altyd myself in die skoene van my eie personeel gesit. Hulle wil ook lekker werk en sukses behaal.
Sterk verhoudings tussen bestuur en personeel word gebou op vertroue, respek, eerlike kommunikasie en wedersydse ondersteuning. Ek sou dit soos volg aanspreek en versterk:
Kommunikeer openlik en gereeld: Hou gereelde personeelvergaderings waar almal die geleentheid kry om hul idees, vrae en bekommernisse te deel.
Luister na personeel: Bestuur moet nie net praat nie, maar ook aktief luister en terugvoer ernstig opneem. Behandel almal met respek: Elke werknemer moet waardeer voel, ongeag hul posisie.
Gee erkenning: Prys goeie werk en vier sukses saam. Erkenning verhoog motivering en lojaliteit.
Los konflik vroeg op: Spreek probleme betyds aan deur eerlike gesprekke en billike oplossings.
Skep ontwikkelingsgeleenthede: Bied opleiding en mentorskap aan sodat personeel kan groei en hul potensiaal bereik.
Lei deur voorbeeld: Bestuur moet die waardes en gedrag uitleef wat hulle van personeel verwag.
Bou spanwerk: Reël spanbou-aktiwiteite en projekte wat samewerking en vertroue bevorder.
Wanneer bestuur en personeel mekaar vertrou, met respek behandel en saamwerk aan 'n gemeenskaplike doel, verbeter nie net die werksomgewing nie, maar ook produktiwiteit, werksbevrediging en die sukses van die onderneming.
En laastens as ons as Bestuur vir die Here werk dan is ons op die regte pad as voorbeeld en vir sukses!


Hugo Grotius

Verhoudings gebaseer op enige iets anders as vertroue, is bestem om te vaal en hierdie vertroue word met tyd gekweek. Dit kan ook in 'n oogwink gebreek word. Om verhoudings tussen bestuur en personeel te verbeter moet partye oor 'n wedersydse vertrouensverhouding beskik wat deur bestuur inisieer moet word en dan deur beide partye gebou en bewaar moet word. Deursigtige kommunikasie, erkenning van foute of swak besluite, en aanvaarding van verantwoordelikheid is van die beste maniere waarop bestuur en personeel mekaar kan begin vertrou.


Mariza J van Vueren

Dit is so dat bestuur baie gereeld nie die personeel se kwaliteite erken nie. Bestuur moet openlik en eerlik met werknemers kommunikeer en na hul idees en bekommernisse luister. Personeel moet op hul beurt respek toon, verantwoordelik optree en saamwerk om die besigheid se doelwitte te bereik. Gereelde vergaderings, erkenning vir goeie werk en billike behandeling help om vertroue te bou. Wanneer daar wedersydse respek, goeie kommunikasie en samewerking is, verbeter produktiwiteit en word die werksomgewing meer positief en aangenaam vir almal.


Samantha Buys

'n Gesonde verhouding tussen bestuur en personeel vorm die ruggraat van enige suksesvolle besigheid. Dit begin by bestuur wat met wysheid optree en self die voorbeeld stel, eerder as om net opdragte te gee. Wanneer foute gemaak word, moet dit met begrip aangespreek word, en die regte weg deur voorbeeld gewys word. Gereelde gesprekke, waar personeel se stem werklik gehoor word, skep vertroue en verhoed misverstande. Verantwoordelikheid moet stelselmatig oorgedra word soos personeel gereed is daarvoor. Wanneer bestuur toeganklik, eerlik en waarderend is, voel personeel gemotiveerd en betrokke — wat lei tot beter samewerking en resultate.


Zelda van Staden

Die belangrikste komponente van alle gesonde verhoudings is kommunikasie, vertroue en konsekwentheid.

- Kommunikasie: Die "oopdeurbeleid" klink goed, maar is in die praktyk ondoeltreffend. Dit plaas die verantwoordelikheid op die werknemer om die eerste (gevaarlike) stap te neem en vereis kwesbaarheid van die swakste party. Dit dwing die werknemer om alleen na 'n gesagsfiguur te gaan en homself bloot te stel aan die risiko van viktimisasie. Dit is passief en wag vir die personeel om die probleem te identifiseer, terwyl die werklike probleem dikwels by die leierskap se gedrag of besluite lê . Skep eerder 'n platform waar kommunikasie op 'n gelyke vlak effektief kan plaasvind.
- Vertroue (Psigologiese Veiligheid): 'n Platform is nutteloos as mense bang is om die waarheid te praat. Dit moet 'n omgewing wees waar vrae gevra kan word sonder die vrees vir reperkussies. Vertroue word nie gebou deur uit te nooi om te praat nie, maar deur te bewys dat dit veilig is om te praat.
- Konsekwentheid: Niks ondermyn verhoudings vinniger as onvoorspelbare bestuurstyle nie. Die toepassing van reëls en belonings moet objektief en voorspelbaar wees. Wanneer bestuur konsekwent optree, skep dit 'n stabiele grondslag waarop personeel kan staatmaak.


Sanri Stone

Kwaliteit verhoudings tussen bestuur en personeel kan die sukses van 'n besigheid bepaal. Ek sal dit aanspreek en versterk deur oop en eerlike kommunikasie aan te moedig, sodat almal gehoor en gerespekteer voel. Bestuur moet gereeld na personeel se bekommernisse luister en saam oplossings vind. Ek sal ook spanwerk, wedersydse respek en erkenning vir harde werk bevorder. Personeel moet ook bereid wees om saam te werk en verantwoordelikheid te neem. Wanneer werknemers waardeer voel en bestuur regverdig optree, verbeter vertroue, produktiwiteit en die algemene werksomgewing. Dit lei uiteindelik tot beter samewerking en groter sukses vir die besigheid.


Pierre Buys

Die verhouding tussen bestuur en personeel is van groot belang vir enige besigheid. Dit word versterk deur met wysheid en insig te lei, en self voor te loop as 'n voorbeeld. Foute moet uitgewys word, maar altyd met 'n voorbeeld reggestel word — nie net bestraf nie. Gereelde, eerlike kommunikasie is noodsaaklik: Bestuur moet toeganklik wees en personeel se insette werklik aanhoor. Gee genoeg tyd en aandag aan gesprekke en beplanning, en dra verantwoordelikheid oor op die regte tyd. Erkenning vir goeie werk en deursigtigheid oor besluite bou vertroue, moraal en produktiwiteit oor tyd.


Petrus Jacobs - Besigheidsmentor

In enige besigheid is ons kontak met mense nooit net neutraal nie; elke interaksie bou óf breek 'n verhouding. Die groet in die gang, die gesindheid van 'n e-pos en of jy opkyk wanneer iemand praat: elke oomblik tel. Baie leiers wag vir die groot oomblikke om hul waardering te wys, maar verhoudings word in die klein, gewone oomblikke gevorm. Vra jouself gedurig af: het hierdie oomblik vertroue gebou of afgebreek? Ons bou verhoudings met klein dade van omgee, 'n kyk wat sê "ek sien jou". Nie groot nie, net eg… en konsekwent. Dít bou spanne wat hou.

## ORANIADAGBOEK

**Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za**

**Julie**
17 Koerania Uitgawe 32
25 Pekanoesfees
  Draf in die boord
  Klawers in die boord

**Augustus**
3 Orania CVO-Skool Krieket-toernooi
8 Dames Wynproe-aand
9 Stap vir Jesus
12 Taalweek poppekas
14 Koerania Uitgawe 33
14 Taaldag/Taalweek (Oker)

**September**
5 Orania Gaan Groot
18 Koerania Uitgawe 34

**Oktober**
1-3 Orania Karnaval
10 Heldedag (Orania Beweging)
16 Koerania Uitgawe 35

**November**
8 Stap vir Jesus
11 Witkruisdag
18 Huppelkind Opedag en Kleureatletiek
20 Koerania Uitgawe 36



HOU DIE SPASIE DOP!

# 10 VRAE AAN... Brendon van Huyssteen



**1.Wanneer het jy en jou familie na Orania verhuis? Waar het jul voorheen gewoon?**

Ons het in April 2023 van Pretoria na Orania verhuis.

**2. Uit wie bestaan jou gesin?**

My gesin bestaan uit my vrou, Marike, ons dogtertjie Ellie, ons seuntjie Sias en my skoonma, Elsa.

**3. Het jy gestudeer – in watter rigting? Gebruik jy dit in jou huidige beroep?**

Ek het in 2007 met 'n rekeningkundekursus begin, maar het in 2010 weens finansiële redes 'n geleentheid aanvaar om by 'n bank te gaan werk. Sommige van die konsepte wat ek geleer het, help my vandag nog, maar dit vorm nie werklik deel van my huidige beroep nie.

**4. Watter beroep beoefen jy? Geniet jy dit?**

Ek is 'n besigheidsontleder en geniet veral statistiese ontleding.

**5. Wat doen jy in jou vrye tyd**

Wat is vrye tyd? (Lag.) Ek braai graag. My dogtertjie (6) en seuntjie (4) hou ons lekker besig. Tuinmaak is nog 'n uitdaging, maar ons vorder stukkie vir stukkie. Verder is dit moeilik om in Orania verveeld te raak.

**6. Vertel meer van jou gemeenskapsbetrokkenheid.**

Ek geniet dit om BKO se hokkiespan af te rig en sal graag hokkie in Orania verder wil bevorder. Ek is ook 'n groot aanhanger van plaaslike talent en poog saam met mede-entoesiaste om meer geleenthede vir optredes te skep. Hier is beslis genoeg talent, en die kunste is altyd 'n wonderlike manier om die gemeenskap bymekaar te bring.

**7. Het jy geheime talente, of leef jy dit reeds uit?**

Ek dink ek is 'n redelike oop boek. Ek is mal oor musiek, en dit is waarskynlik ook die dryfkrag agter die Musiekvasvra-aande wat ons by Duquesne aanbied.

**8. Watter raad het jy as pa vir ander pa's oor die opvoeding van klein kinders?**

Geduld is ongeloodlik belangrik. Jou kinders leer hul maniere by jou en gebruik jou as voorbeeld van hoe 'n mens behoort op te tree. Wees liefdevol teenoor jou medemens, want kinders neem dit raak. Dit is altyd besonders om te sien hoe hulle daardie waardes uitleef wanneer hulle mooi met hul maats speel.

**9. Is daar 'n gunsteling-aanhaling of Skrifgedeelte wat jou motiveer?**

Daar is 'n paar, maar Psalm 121:1–2 spreek my besonder aan: "Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het."

**10. Hoe dink jy kan die ekonomie van Orania uitgebou en versterk word?**

#Ondersteunplaaslik
Dit sal ook 'n groot verskil maak as Jan Alleman sy primêre woning makliker kan finansier, byvoorbeeld deur langer leningstermyne en laer of geen deposito's. Bekostigbare behuising is noodsaaklik, maar vir baie jong mense wat pas die werksmark betree, is dit steeds buite bereik. Opleiding in persoonlike finansiële bestuur kan ook 'n groot impak hê. Dit sal Oraniërs help om hul besteebare inkomste wys te bestuur, wat op sy beurt natuurlike ekonomiese groei sal bevorder.
Dit is ook belangrik om tussen rykdom en welvaart te onderskei. Ek wil ook graag 'n nuwe dubbelkajuitbakkie hê, maar ek wil eerder eendag kan aftree sonder om finansieel afhanklik van ander te wees. Met ander woorde, ons moet vandag verantwoordelik beplan sodat ons nie môre vir mekaar hóéf te sorg nie.

## HULDEBLYK

**Elsa Schoeman**
**(16 / 01 / 1942 - 4 / 07 / 2026)**



Ter nagedagtenis aan Ma en Ouma Elsa. Ons het op 11 Julie afskeid geneem van 'n besondere vrou wat 'n onuitwisbare merk op ons lewens gelaat het – 'n vrou wat haar eie behoeftes dikwels opsy gesit het om haar kinders, familie en medemens te dien. Sy het geleef volgens vaste beginsels van geloof, eerlikheid, harde werk en deursettingsvermoë. Ouma Elsa was ook besonder vaardig met haar hande en was hiermee besig tot in die laaste dae van haar lewe. Sy het die vermoë gehad om iets moois en nuttigs uit die eenvoudigste materiaal te skep. Met min hulpbronne kon sy ongelooflik baie uitrig om haar kinders te versorg en uiteindelik suksesvol die wêreld in te stuur. Sy het altyd die beste in mense gesien en was as matrone van Middelburg ouetehuis intens betrokke by die gemeenskap. Sy het ook as ouderling in haar plaaslike kerk gedien en so die gemeente help bou en versorg. Hoewel ons harte swaar is, is ons dankbaar vir die nalatenskap wat sy agterlaat: 'n nalatenskap van standvastigheid, opoffering, geloof, harde werk en goedheid. Haar voorbeeld sal voortleef in haar kinders, skoondogters, kleinkinders en almal wat die voorreg gehad het om haar te ken. Rus sag, ma en ouma Elsa.

**Hester de Lange**
**(16 / 01 / 1942 - 4 / 07 / 2026)**

- deur Elmarie Bredenkamp (dogter)

Toe ons die dag afskeid geneem het, 10 jaar terug, het ons nooit geweet om finaal afskeid te neem so swaar sou wees nie. Hetmarie het haar liefde vir diere by ouma gekry en Tiana haar liefde vir plante, Seun die lekker soetgoed wat Ouma altyd so lief was voor . Boetie neem swaar afskeid maar hy berus hom by die mooi herinneringe wat hy van Ma het. Al die liefde wat net 'n moeder kan gee koester hy diep in sy hart. Dankie vir al die lekker lag en al die saam eet om 'n vars gebakte boerbeskuit. Al die kuiers, ons mis nie die katte nie, maar ons het jou daardie liefde gegun, want jy het soveel daarvan gehad. Ons sê nie een totsiens nie ons sê "Tot ons weer sien in die Hemel"...



Mamma, ouma, vriendin......
Dit was jy.... Die altyd netjiese en deftige vrou.
Raad gee sou jy altyd en hulp aanbied sonder versuim, toe dit moontlik was.
Jy het net die goeie raakgesien in 'n medemens....soms tot nadeel van jouself.
Siek diere versorg, dit kon ma doen. Diereliefhebber, jy kon nie sonder hulle wees nie. Van 'n meerkat tot 'n voëltjie, Tattie en Sheila, die laaste van hulle, was alles van elke dag .
Dankie dat jy ons pa vir soveel jare versorg het. In moeilike en beter tye, altyd daar. Ons vereer ma as 'n unieke mens. Die blom van liefde soos jou liefde vir alles wat mooi was in die blommeryk. Ons neem swaar afskeid nou, maar glo dis 'n totweersiens. Dankie vir alles wat Ma vir ons beteken het in soveel jare. Ons gaan Ma mis. Al ons liefde.






# NUUSBROKKIES

**Staatsdienskommissie besoek Orania**

'n Afvaardiging van die Staatsdienskommissie (PSC) het Orania besoek om die gemeenskap se unieke munisipale bestuur- en ontwikkelingsmodel te bestudeer om dienslewering te verbeter. Die kommissarisse was beïndruk deur Orania se oplossingsgerigte benadering en plaaslike ekonomiese sukses. Volgens die PSC kan lesse oor gemeenskapsdeelname en selfstandigheid in Orania ander dorpe en landelike gemeenskappe regoor Suid-Afrika help versterk.

**Noodalarm word voortaan maandeliks getoets**

Orania Veiligheidsdienste (OVD) sal voortaan elke eerste Maandag van die maand net voor 12:00 die dorpsalarm en 'n toetsberig op Radio Orania toets om paraatheid te verseker. Inwoners wat die sirene hoor, moet dadelik na Radio Orania luister vir noodinstruksies. Amptelike kennisgewings sal in regte noodgevalle ook op goedgekeurde aanlyn- en sosiale media-kanale gedeel word.

Verkeersreëls geld

Alle Suid-Afrikaanse verkeersreëls geld ook in Orania en word streng deur die Orania Veiligheidsdienste gepolisieer. Inwoners word herinner om spoedgrense te gehoorsaam en by stopstrate te stop. Oortreders staar boetes in die gesig. OVD waarsku veral teen die gevaarlike vervoer van kinders op skote of bakkierande, wat as nalatige bestuur geklassifiseer word.

**Laat waai met vanjaar se Karnavaloptog!**

Die Orania Karnaval se vlotloptog met die tema "Ons Verhale" vind op Vrydag 2 Oktober plaas. Deelnemers moet teen 14:30 by die Eurekakruising aanmeld voor die optog om 15:00 vertrek. Registreer voor 25 September by bko.co.za. Vir navrae oor die Karnaval, kontak gerus vir Arno Lambrechts by arno@myorania.co.za.

"Besempie" is weer op die pad

Orania se geliefde motor-straatveër, "Besempie", is ná 'n breuk weer terug op die pad. Mario Schoeman het die waardevolle Johnston-masjien herstel, wat groot verligting bring vir die spanne wat moes handveeg. Met Willa Lötter agter die stuur help Besempie nou weer om Orania se strate skoon en netjies te hou.







KOERANIA
083 726 1180
redakteur@koerania.co.za
ORANIA - NOORD-KAAP
KOERANIA Sport






# Prestasies by 35ste Bokkieweek

Dia van Staden

Verskeie kinders van Orania het van 6 tot 10 Julie aan die gesogte Bokkieweektoernooi, wat deur Afrikaner Volkseie Sport (AVS) aangebied is, deelgeneem. Vanjaar se toernooi het sowat 2 600 Afrikanerkinders, 600 beamptes en duisende geesdriftige ondersteuners na die sportvelde gelok vir strawwe dog opwindende kompetisie in rugby, netbal en hokkie.

Orania CVO-skool, as trotse lid van die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO), het 'n stewige bydrae gelewer met 24 spelers wat vanuit die skool vir die BCVO-spanne gekies is.

Hierbenewens het vier Oraniërs in die Griekwas-spanne uitgedraf, van wie twee leerlinge aan Volkskool Orania is. Een van die groot hoogtepunte was die opname van Orania se eie Drikus Truter in die gesogte Gazelle-span. Vir ouers wat die toernooi bygewoon het, is die waarde van hierdie week onskatbaar. Nicolette en Jannie Ebersohn, wat al 'n pad van sowat tien jaar met Bokkieweek stap, het vanjaar hul seun se laaste toernooi in Naboomspruit bygewoon, terwyl hul dogter as hokkie-afrigter betrokke was. "Dit bly 'n absolute fees," vertel Nicolette. "Die sportterrein was uitstekend ingerig, die atmosfeer veilig en die mense aangenaam."

Oraniërs se lojale deelname aan hierdie toernooi beklemtoon die gemeenskap se passie vir onafhanklike Afrikanerinstellings. Alhoewel daar gereeld omstrede berigte in die hoofstroommedia verskyn, bly die fokus op die opbou en handhawing van die eie gemeenskap.

Loutjie Steyn, voorsitter van die Opvoedkundige Raad van Orania CVO-skool, beklemtoon dat Bokkieweek die ideale platform bied vir professionele sportbeoefening binne 'n eie kultuurgemeenskap. "Vir ons as CVO-skool is dit belangrik om as 'n geaffilieerde unie by Bokkieweek in te skakel, want dit bied vir ons kinders waardevolle verdere blootstelling."

Orania CVO-skool se Zincke Straszacker is as beste middelveldspeler vir netbal gekies en Corné de la Guerre as beste rugby agterspeler.

Koerania wens al die jong sportsterre geluk met hul uitsonderlike prestasies en deelname.

Die sukses van die toernooi getuig van 'n blink toekoms vir die vrye Afrikanerjeug.










# Suksesvolle BCVO Winterspele

Orania CVO-skool het vanaf 25 tot 27 Junie vanjaar die gesogte BCVO-Winterspele namens die Noord-Kaapstreek aangebied.

Meer as 900 skoliere het op die skool se splinternuwe sportfasiliteite aan rugby- en netbalwedstryde deelgeneem.

Ten spyte van onverwagse reën was die geleentheid 'n reuse-sukses danksy die harde werk van die skoolhoof, Susan Nieuwoudt, sowel as die personeel, ouers en plaaslike gemeenskapslede wat ingespring het om te help.

Die groot toestroming van besoekers het baie positiewe terugvoer oor die dorp se netheid, organisasie en ongelooflike gasvryheid opgelewer.

Plaaslike en nasionale media het regstreeks vanaf die terrein uitgesaai om dié geskiedkundige sportfees te dek.




Volkskool Orania is trots op twee van sy leerders, Gregory Eloff en Anna Boshoff, wat deelgeneem het aan die AVS Griekwas Bokkietoernooi. Gregory as lid van die Griekwas O/16-rugbyspan en Anna het die Griekwas O/19-hokkiespan verteenwoordig. Foto's: Verskaf

